Leeuwenhof Akademie

WELPIENUUS

Nuusbrief 20 4 Julie 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen
083 454 2843
wilnav@leeuwenhof.co.za

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Hoekom minder spel?
Vervolg
Bl. 2 Tipes spel
Spel noodsaaklik
Revue
Bl. 3 Belangrike datums
Veels geluk
Kinders

Redes waarom spel ver-minder: *rooi rose Julie 2017*

* Ná skool neem kinders aan georganiseerde sport en ander aktiwiteite deel.
* Dis deesdae gewoon onveilig vir kinders om sonder toesig buite of met maats in die omgewing te speel.
* Via die media en die hedendaagse gedrewe prestasiekultuur word geglo goeie ouers elke vaardigheid, aanleg en belangstelling van die kind moet ontwikkel, anders gaan hul nie mededingend en suksesvol wees nie.
* Die druk om eendag toegang tot behoorlike tersiêre opleiding en goeie werksmoontlikhede te kan kry, bring mee dat selfs kleuters se tyd volgeprop word met allerlei verrykings– en ontwikkelingsaktw. wat gewone speeltyd beperk.
*Weens hul oorvol program, is kinders oormoeg en verval in passiewe vermaak, soos TV kyk en elektroniese speletjies.

Vervolg:

Kinders verkies passiewe vermaak, omdat dit minder insette van hulle verg en dikwels verslawend van aard is.
Kinders kry van kleins af te veel en te spesifieke speelgoed wat bepaal presies wat en hoe jy daarmee speel. Te min word aan hul verbeelding oorgelaat en hulle kan nie meer speletjies uitdink nie. Hulle bou slegs van die model af en is verveeld tot hulle 'n nuwe een kry. * Tegnologie en hoe kinders grootgemaak word, laat hulle voel dat iets of iemand hul heeltyd moet vermaak of besig hou. Hul kla gou dat hulle verveeld is. * passiewe vermaak is 'n maklike manier om kinders besig te hou sodat ouers by hulle eie oorvol skedules kan uitkom. * Geslagte gelede het kinders met die minimum speelgoed speletjies geïmproviseer, hulself gereguleer en hul eie reëls vir hul speletjies uitgedink.

Tipes noodsaaklike spel:

***Fisiek aktiewe en motoriese speel** soos klim, klouter, kruip en hardloop. Dis groot pret, maar ontwikkel en versterk boonop hul spiere en liggaam en integreer ook hul senuwee– en breinontwikkeling. *Vervolg op p 2*

Tipes noodsaaklike spel: (Vervolg)

Fantasie of verbeeldingspel vind plaas wanneer kinders voorgee hulle is die ma of pa, die juffrou of brandweerman. Kinders gebruik hul verbeelding en dink scenario's uit, oefen dit, of maak planne en ontwikkel kreatiewe denke en probleemoplossingsvaardighede. Dis dikwels ook 'n manier om moeilike dinge in hul lewe speel-speel te kan verwerk.

Kinders leer in elke soort spel om te kan dink, probleme op te los, te probeer en besluite te neem. Dit maak hulle leergierig en meer gereed vir die eise wat skool op alle vlakke aan hulle stel, asook vir hul toekoms na skool.

Anys Rossouw, Opv. Sielkundige Vervolg volgende week.

Tipes noodsaaklike speel: (Vervolg)

Kinders wat nie aktief speel nie, is lomp en het 'n onderontwikkelde neurologiese, vestibulêre balansstelsel. Dit lei daartoe dat hul liggaamsbewustheid en visueel-ruimtelike oriëntasie verswak, terwyl dit krities belangrik vir lees, skryf en later vir sekere wiskundige en wetenskaplike vaardighede is.

Konstruktiewe speel met materiale soos blokkies, lap, karton, papier, sand, hout en stokkies waarmee hulle dinge skep of bou. Kinders leer oorsaak en gevolg deur te probeer en ontwikkel fyn motoriese vaardighede. Dit gee hulle die bevrediging dat hulle iets regkry en verhoog hul selfvertroue, selfbeeld en waagmoed.

Sosiale speel met ander kinders ontwikkel sosiale vaardighede. Hulle leer bedagsaamheid, om te deel, te onderhandel, te wag, beurte te maak, in groepsverband saam te werk, konflik en kritiek te hanteer, asook emosionele selfregulering. (BAIE belangrike vaardighede!)

Revue 2017:

Van 4 Julie af, tot 8 Julie, word die Hoërskool Revue in die Hoërskoolsaal aangebied.

Daar is baie hard geoefen vir hierdie onvergeetlike gebeurtenis en ons kan elkeen met vrymoedigheid nooi om na die produksie te kom kyk!

Nooi gerus familie en vriende ook, maar maak gou, kaartjies raak al hoe skaarser!

Moenie hierdie wonderlike geleentheid misloop nie—spyt kom altyd te laat!

Belangrike datums:

4 Julie:	Gr. 0 Revue—14:00-16:00
4-8Julie:	Hoërskool **Revue!!!**
14 Julie:	Wieledag **Gr. 000 en 00** Enige wielspeelgoed, behalwe skaatsplanke en rolskaatse
19 Julie:	Die brandweer besoek ons
21 Julie:	Wieledag **Gr. 0** Enige wielspeelgoed, behalwe skaatsplanke en rolskaatse
27 Julie:	**Kunsuitstalling** - ons kunstige kinders! **Ouermiddag**—verslae word uitgedeel

Veels geluk aan elkeen wat in Julie verjaar!:

Juf. Hanlie, Altus van den Berg, Dion van Rooyen, Jurgens Pieterse, Lienke Oosthuizen, Jaydon Green, Ruben Grobler, Dino de Guisti, Marco Claasen, Iliske de Beer, Albert Goosen, Rikayla van der Walt en Eliana Robbertse. Ons wens vir julle 'n wonderlike en geseënde nuwe lewensjaar toe!

Wieledae:

Op Vrydag **14 Julie** is dit wieledag vir Gr. 000 en 00 en op **21 Julie** vir Gr. 0. Op hierdie dae mag die maatjies enige duidelik gemerkte wielspeelgoed na die skool toe bring, behalwe

Baie dankie!:

Ons ouers het ons vroeër so mooi gehelp om motorbande by die skool te kry. Tobie Lombard het items vir ons daarvan gemaak, wat weer 'n nuwe toevoeging tot ons speelterrein is. Nogmaals dankie vir elkeen se bydrae en insette!!

Kinders:

Vyftig jaar van nou af sal dit nie saak maak met watter soort motor jy gery het, waar jy gewoon het, watter fabrikaat klere jy gedra of hoe groot jou bankbalans was nie. Maar die wêreld sal 'n bietjie beter wees as jou lewe 'n kind beïnvloed het om spontaan vir Christus te kies.

Anoniem Dankie vir die invloed wat jy op jou kind het!

Vriendelike groete!

Wilna van Rooyen.